Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellstr Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

5 Julie 2020

Geagte Swarrie ouers

TERUGKEER VAN LEERDERS

Die onvermydelike het nou ongelukkig gebeur, een van ons graad 2 personeel het positief getoets vir Covid-19. Alle graad 2 personeel is onmiddellik in self-isolasie geplaas. Verteenwoordigers van die Departement van Gesondheid en die Departement van Onderwys is in kennis gestel en al die nodige protokolle sal gevolg word.

Ons kan ongelukkig nie die skool heropen vir enige graad op Maandag, 6 Julie 2020 nie en tot tyd en wyl al die protokolle afgehandel is, en ons weer toestemming by die Departement van Gesondheid en Onderwys ontvang het, kan ons nie bepaal wanneer die skool weer sal heropen nie.

AKADEMIE

Die akademiese program vir Kwartaal 3 begin op Woensdag, 8 Julie vir Gr 4-7 leerders. Alle werk is reeds op Swarrie Swot Skool (SSS) beskikbaar. Geen pakkies sal ongelukkig uitgedeel word d.m.v die “Drive Thru” nie, aangesien die skool gedisinfekteer moet word en niemand op die terrein toegelaat word nie.

Die Grondslagfase (Gr RR -3) het ‘n hersieningsweek geskeduleer vir 6-13 Julie, wat nie meer gaan plaasvind nie. Kwartaal 3 se werk sal hervat word op Dinsdag 14 Julie. Daar is wel werk op SSS gelaai tot 13 Julie, maar hoef nie tuis gedoen te word nie. Indien ons vroeër mag heropen, sal die werk in die klas hervat word.

Ons sal gereeld met u in kontak wees.

Groete

Mnr M van der Merwe
Skoolhoof

Mnr J Strauss
Voorsitter: Beheerliggaam